

VKB LANDBOU (EDMS) BPK ("VKB")**REGNR: 2015/165238/07****SKOONMAAKOORENKOMS, OPBERGINGSOORENKOMS EN VOORWAARDES TEN AANSIEN VAN DROËBONE TE VKB****1 INLEIDING EN OORENKOMS:**

- 1.1 Hierdie dokument stel die standaard ooreenkoms en voorwaardes daar waaronder alle droë bone ("**bone**") hanteer, skoongemaak en opgeberg sal word in die opbergingstoor van VKB te Danielsrus ("**die opbergingstoor**"). Indien die klant bone aan VKB lewer vir skoonmaak en opberging in die opbergingstoor, kom die volgende ooreenkoms, op die voorwaardes hierin uiteengesit, hierna genoem ("**die ooreenkoms en voorwaardes**"), tussen VKB en die klant tot stand.
- 1.2 Die klant stem in tot hierdie ooreenkoms en voorwaardes op een of meer van die volgende wyses:
 - 1.2.1 Deur ondertekening daarvan aan die einde van hierdie dokument; of
 - 1.2.2 Deur ondertekening van VKB se kredietvoorwaardes, welke sodanige instemming bevat; of
 - 1.2.3 Deur ondertekening van VKB se verkoopsvoorwaardes en/of aansoek om lidmaatskap, welke sodanige instemming bevat; of
 - 1.2.4 Deur ondertekening en/of aanvaarding van enige dokumentasie wat deel vorm van die opbergingsketting, insluitend maar nie beperk tot leweringsopdragte; ontvangsbewyse; versendingsdokumente; omsendskrywes, oesreëlings en openbare kennisgewings, waarin hierdie ooreenkoms en voorwaardes by wyse van verwysing geïnkorporeer word; of
 - 1.2.5 Deur gedrag of by implikasie, deur die lewering of afhaal van enige bone by die opbergingstoor, in die normale loop van besigheid tussen die klant en VKB, hetsy deur die klant self of deur enige persoon wat oënskynlik namens die klant optree en/of die klant verteenwoordig.
- 1.3 Dit is nie 'n geldigheidsvereiste vir hierdie ooreenkoms en voorwaardes dat dit deur die klant onderteken moet word nie.
- 1.4 Afskrifte van die ooreenkoms en voorwaardes is vir alle klante kosteloos beskikbaar by VKB se kantore te Reitz (Pres CR Swart Straat 31). Dit kan op versoek van die klant ook gestuur word per voorafbetaalde aangetekende pos, per faksimile, deur middel van e-pos of per hand afgelewer na gelang van die besonderhede wat VKB van die klant het. Dit is ook by VKB se Danielsrus silo beskikbaar.

2 PLEK VAN LEWERING EN OPBERGING:

- 2.1 Die bone moet deur die klant aan VKB gelewer word by die opbergingstoor waar VKB dit sal opberg onderworpe aan die beskikbaarheid van voldoende ruimte.
- 2.2 Onderworpe aan hierdie ooreenkoms en voorwaardes onderneem VKB om die bone op te berg totdat dit later in opdrag van die klant in geheel of gedeeltelik deur homself of 'n genomineerde derde afgehaal word.

- 2.3 By lewering van die bone in die opbergingstoor gaan die risiko ten opsigte daarvan op VKB oor, onderhewig aan die volgende uitsluitings: Die risiko vir kwaliteit- en/of vogverlies bly, nieteenstaande enige bepaling tot die teendeel, vestig in die klant.
- 2.4 Die risiko van VKB ten aansien van die bone eindig sodra die bone uit die opbergingstoor gelaai word.
- 2.5 Die klant moet vir doeleindes van elke lewering van bone, VKB se leweringsoopdrag voltooi en onderteken. Die klant sal gebonde wees aan enige sodanige leweringsoopdrag en die besonderhede daarop voltooi. Deur die verteenwoordiger toe te laat om die dokument te voltooi en/of te onderteken en/of om die bone in te lewer, bevestig die klant die volmag van die verteenwoordiger wat die leweringsoopdrag voltooi en/of onderteken en/of die bone inlewer.

3 KWALITEITSBEPALING:

- 3.1 Die kwaliteit/graad van die bone word tydens ontvangs daarvan deur VKB bepaal, welke gradering plaasvind soos bepaal in klousule 5 hieronder.
- 3.2 Die klant waarborg dat bone wat vir opberging by VKB gelewer word, geproduseer en hanteer is volgens die toepaslike vereistes van die Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels 36 van 1947, en die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels 54 van 1972. Hierdie wette vereis dat bone slegs met wettige chemiese middels, volgens voorskrifte behandel is en dus geskik is vir menslike en dierlike gebruik.

4 MASSABEPALING:

- 4.1 VKB bepaal, onderhewig aan klousule 5, die massa van elke vrag wat deur die klant gelewer word of namens die klant versend of uitgelaai word deur gebruik te maak van geykte massameters soos gesertifiseer ingevolge die Wet op Handelsmetrologie 77 van 1973 deur behoorlik gemagtigde owerhede en/of instellings.
- 4.2 Die massabepaling soos aangetoon op die graanontvangsbewys of uitlaaibewys, word deur die klant as *prima facie* korrek en finaal aanvaar tensy die klant, op wie die bewyslas sal rus, die teendeel bewys.
- 4.3 Aangesien die massabepaling van die bone deur twee skaale (Platvormskaal en Padskaal) uitgevoer word, kom die partye spesifiek as volg ooreen:
 - 4.3.1 Platvormskaal – die massa soos bepaal deur die skaal word slegs gebruik vir die daarstel van 'n VKB interne kontrole massa (aangedui as “kontrole massa” op die graanontvangsbewys of uitlaaibewys); en
 - 4.3.2 Padskaal – die massa soos bepaal deur die skaal sal dien as die amptelike gelewerde massa, waarteen alle verrekeninge gedoen sal word (aangedui as “opberg massa” op die graanontvangsbewys of uitlaaibewys) – hierdie skaal word as amptelike massameter gebruik.
- 4.4 Die voginhoud van die bone mag nie meer as 14% wees tydens lewering by die opbergingstoor nie.
- 4.5 VKB behou die reg voor om tot 'n maksimum van 2% van die massa van die bone te verhaal, voortspruitend uit die mate van hanteringsverlies wat plaasvind tydens die hanteringsproses.

5 LEWERING- EN GRADERINGSREGULASIES:

Die partye kom ooreen dat die volgende regulasies van toepassing sal wees op die lewering van die bone deur die klant aan VKB:

5.1 Lewering

- 5.1.1 Die klant is verplig om VKB Danielsrus Silo ('**die Silo**') ten minste 2 besigheidsdae voor die beplande lewering te kontak ten einde reëlings te tref rondom 'n leweringskedule.
- 5.1.2 Alle vraginnames moet per leweringskedule plaasvind.
- 5.1.3 Die Silo sal 'n massalesing op die weegbrug neem en 'n weegbrukstrokie druk om te verseker dat die bruto massa van 'n vrag bepaal is en op die VKB stelsel getoon word.
- 5.1.4 Sodra 'n vrag geweeg is deur die Silo, kan die vrag gelewer word vir skoonmaak en opberging.
- 5.1.5 Indien die vrag voor die toegekende tydsgleuf reeds op die perseel is en die voorafgaande leweringstydgleuf reeds afgehandel is en/of nie opgedaag het nie sal die vrag vroeër verwerk word.
- 5.1.6 Indien die vrag later opdaag as die toegekende tydsgleuf sal die vrag moet wag tot dit moontlik is om ingeneem te word.
- 5.1.7 Indien leweringsreëlings nie vooraf bevestig is met die Silo nie, sal die vrag nie ingeneem word nie en sal die vrag moet wag tot eerste beskikbare tydsgleuf.

5.2 Graderingsproses en -bepalings

- 5.2.1 Finale gradering sal, eers nadat bone afgelaai en oor die *pre-cleaner* getrek is, by die opbergingstoor plaasvind
- 5.2.2 Na afloop van gradering sal die klant telefonies en/of per e-pos in kennis gestel word van gradering.
- 5.2.3 Sifsels/kaf/splits moet binne 7 kalenderdae verwyder word vanaf VKB opbergingstoor, by gebreke waarvan eienaarskap in die sifsels/kaf/splits oorgaan na VKB.
- 5.2.4 Onderstaande tabel toon graderingsriglyne wat gevolg sal word.

Aard van afwyking	GR 1	GR 2	GR 3	GR 4
Vreemde materiaal	0.25%	0.7%	1.5%	2.0%
Klippies en sand	geen	0.2%	0.6%	0.8%
Totaal vreemde materiaal, klippese en sand	0.25%	0.7%	1.5%	2.0%
Gebrekkige droë bone	3.0%	10.0%	20.0%	25.0%
Gebreekte of gesplete droë bone	5.0%	7.0%	10.0%	15.0%
Totaal gebrekkige, gebreekte droë bone	5.0%	15.0%	20.0%	25.0%
Nie tipe egte droë bone	1.0%	2.5%	5.0%	7.5%
Droë bone met 'n gebreekte saadhuid	5.0%	7.5%	10.0%	10.0%
Droë bone met 'n geplooid of gekraakte saadhuid	20.0%	30.0%	40.0%	45.0%
Totaal gebreekte en geplooid of gekraakte saadhuid	20.0%	30.0%	40.0%	45.0%

6 OPBERGING:

Alle bone wat vir opberging by die opbergingstoor gelewer word, moet in 1 ton sakke verpak wees, wat deur VKB voorsien sal word. Sakke sal deur VKB behoorlik gemerk word met lewering ten einde die eienaar daarvan te identifiseer. Opberging van bone word dus apart vir elke klant gedoen op 'n *batch*-basis.

7 VERSEKERING:

- 7.1. Onderhewig aan die uitsluitings soos vervat in klousule 2.3, onderneem VKB om op sy eie koste die bone saam met enige ander bone wat in die opbergingstoor opgeberg word te verseker teen versekerbare risiko's.
- 7.2. Indien vir watter rede ookal die bone in die opbergingstoor tot so 'n mate beskadig of vernietig word dat dit onmoontlik is vir VKB om sy leweringsverplichting teenoor die klant na te kom, is VKB geregtig om in sy uitsluitlike diskresie die waarde van die bone aan die klant uit te betaal. Die waarde van die voorgenome bone, sal bereken word teen die dan heersende markprys. Enige dispuut rakende die heersende markprys (soos deur VKB bepaal), sal verwys word na die *Dry Bean Producers Organisation* ('DPO'), vir beslissing, welke beslissing finaal en bindend sal wees.
- 7.3. Alle diskresies ingevolge hierdie klousule sal op redelike wyse deur VKB uitgeoefen word.
- 7.4. Die partye bevestig dat ten einde die koste van VKB se dienste vir die klant te beperk, VKB onder geen omstandighede en vir watter rede ook al aanspreeklik sal wees vir die klant se gevolgskaade nie.
- 7.5. VKB mag enige stappe neem wat in sy diskresie nodig is om die bone te beskerm teen enige moontlike skade wat dit mag tref.

8 VERSENDING:

- 8.1. Onttrekking van skoongemaakte bone sal geskied binne 10 besigheidsdae na ontvangs deur VKB van 'n vooraf skriftelike kennisgewing vanaf die klant met vermelding van die benaderde massa, versendingsdatum en tyd, versendingsadres en vervoerreëlings.
- 8.2. Alle bone word op die basis ex-opbergingstoor aan die klant versend eers nadat alle vergoeding betaalbaar ingevolge hierdie ooreenkoms en voorwaardes, deur die klant betaal is.
- 8.3. Geen bone mag onttrek word sonder dat 'n geldige instruksie deur VKB uitgereik is nie.

9 VERGOEDING:

- 9.1. As vergoeding vir die opbergingsdienste wat VKB aan die klant lewer, sal die klant die volgende tariewe vir die hantering, skoonmaak en opberging van die bone aan VKB betaal (vir die tydperk 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020):
 - 9.1.1. Hantering: R145.00 per ton;
 - 9.1.2. Voor-skoonmaak: R205.00 per ton;
 - 9.1.3. Addisionele skoonmaak: R205.00 per ton; en
 - 9.1.4. Dagtarief vir opberging: R2.53 per ton per dag, bereken vanaf die 1ste dag van lewering.

(hierin gesamentlik na verwys as '**die Opbergingskoste**')

- 9.2. Dit word op rekord geplaas dat die tariewe soos na verwys in klousule 9.1, jaarliks op 1 Maart deur VKB aangepas kan word, welke tariewe, op aanvraag deur die klant aan hom bekend gemaak sal word.
- 9.3. Die tariewe soos vervat in klousule 9.1, sluit in alle gevalle Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) uit.
- 9.4. Opbergingskoste is betaalbaar binne 1 maand wat volg op die maand waarin die Opbergingskoste ontstaan het.
- 9.5. Rente teen Standard Bank se heersende prima uitleenkoers plus 3 persentasie punte word op 'n daaglikse basis op uitstaande en agterstallige rekenings bereken en maandeliks gekapitaliseer.
- 9.6. VKB oefen 'n retensiereg op alle bone wat in die opbergingsstoor opgeberg word uit vir die betaling van alle bedrae verskuldig deur die klant aan VKB, voortspruitend uit welke skuldoorsaak ook al en vir welke bedrag wat nou reeds opeisbaar en verskuldig is of wat in die toekoms opeisbaar en betaalbaar mag wees. VKB behou die reg voor om lewering van die bone aan enige iemand hoegenaamd te weier en te weerhou totdat effektiewe betaling van alle verskuldigde bedrae aan VKB ten opsigte van die bone gemaak is. Die klant magtig VKB hiermee onherroeplik en onvoorwaardelik om die bone of soveel daarvan as wat nodig mag wees te gelde te maak, hetsy deur dit te verkoop of vir eie rekening aan te koop teen die dan heersende markprys, soos bepaal deur die DPO. VKB onderneem om nie hierdie reg uit te oefen voor die verloop van 10 kalenderdae nadat die betrokke verskuldigde bedrag opeisbaar geword het nie en die klant vir betaling daarvan skriftelik aangemaak is nie.
- 9.7. Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van klousule 9.6, sedeer die klant hiermee aan en ten gunste van VKB al sy reg, titel en belang in en tot die opbrengs uit die verkoop van enige van die bone wat gestoor word in die opbergingsstoor as sekuriteit vir die behoorlike nakoming van die klant se verpligtinge teenoor VKB, voortspruitend uit welke skuldoorsaak ook al en vir welke bedrag wat nou reeds opeisbaar en verskuldig is of wat in die toekoms opeisbaar en betaalbaar mag wees.
- 9.8. 'n Sertifikaat geteken deur enige bestuurder van VKB (waarvan die aanstelling nie bewys hoef te word nie) waarin die bedrag verskuldig en betaalbaar gesertifiseer word, is *prima facie* bewys van die bedrag en verskuldigheid.

10 BETALING:

Betaling van enige verskuldigde bedrag deur die klant aan VKB geskied slegs deurdat die verskuldigde bedrag betaal word in en gekrediteer word op VKB se bankrekening. Indien betaling by wyse van bankoorplasing of deur die internetbankdiens geskied is dit die klant se plig om VKB van sodanige betaling in kennis te stel by wyse van die volgende metodes: per faksimile by 058 863 3317 of per e-pos by graan@vkb.co.za.

11 SILO-SERTIFIKATE:

Silo-sertifikaat(e) word nie op bone uitgereik nie.

12 VERVREEMDING AAN DERDES:

Indien die klant die bone of enige deel daarvan aan 'n derde vervreem sal VKB sy rekords wat op die bone betrekking het verander om die derde as die klant ten opsigte van die bone te reflekteer, slegs indien VKB 'n behoorlik ondertekende skriftelike aansoek daarvoor vanaf die klant by VKB se kantore te Reitz (Pres CR Swart Straat 31) ontvang. Die klant sal ten alle tye verantwoordelik wees vir die Opbergingskoste wat opgehoop het tot en met oordrag van die

bone aan 'n derde. Die derde is, na oordrag van die bone in sy/haar naam, eweneens aan hierdie ooreenkoms en voorwaardes gebonde.

13 KENNISGEWINGS:

VKB nomineer President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 as adres waar alle kennisgewings ingevolge hierdie ooreenkoms en voorwaardes afgelewer kan word.

- 13.1. Die klant kies as sy *domicilium citandi et executandi* en die adres waar alle kennisgewings gelewer kan word die adres wat verskyn op die ontvangsbewys/uitlaaibewys wat by die opbergingstoor uitgereik word.
- 13.2. Die partye het die reg om die voormelde adresse te verander met 7 kalenderdae skriftelike kennis aan die teenparty.
- 13.3. Kennisgewings moet per hand afgelewer word, of per faks versend word, of per e-pos versend word of versend word met voorafbetaalde aangetekende pos.
- 13.4. 'n Kennisgewing ontvang na 16h00 op 'n besigheidsdag sal geag word ontvang te gewees het op die eersvolgende besigheidsdag.
- 13.5. Sodanige kennisgewing sal, tensy die teendeel bewys word, geag word ontvang te gewees het indien:
 - 13.5.1. Per hand gedurende gewone besigheidsure in 'n korrek geadresseerde koevert aan 'n verantwoordelike persoon by die gekose adres afgelewer, op die datum van aflewering;
 - 13.5.2. Per faks of e-pos afgestuur, op die datum van afstuur daarvan, waar dit gestuur word gedurende normale besigheidsure, of op die eerste besigheidsdag nadat dit gestuur is, waar dit buite besigheidsure gestuur word; en
 - 13.5.3. Per geregistreerde pos, 5 besigheidsdae nadat dit per pos gedoen is.

14 REGSKOSTE:

Indien enige party regstappe moet neem om hierdie ooreenkoms en voorwaardes af te dwing, sal die onsuksesvolle party die ander party se koste betaal op 'n skaal soos tussen prokureur-en-eie-kliënt.

15 BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID EN VRYWARING:

- 15.1 VKB is nie aanspreeklik teenoor die klant vir enige handeling wat deur VKB in goeder trou ingevolge hierdie ooreenkoms en voorwaardes geneem word nie, en die klant vrywaar VKB teen enige eise wat teen VKB ingestel mag word (insluitend eise deur die klant) vir skadevergoeding voortvloeiend uit hierdie ooreenkoms en die voorwaardes, op voorwaarde dat sodanige vrywaring beperk is tot handeling wat in goeder trou deur VKB geneem is.
- 15.2 Enige eis teen VKB voortvloeiend uit hierdie ooreenkoms en voorwaardes sluit gevolgskaide of algemene skade uit en is beperk tot die werklike skade ten opsigte van die bone wat deur die klant gely is.

16 ALGEMEEN:

- 16.1 Verwysings na 'besigheidsdae / besigheidsdag' sal enige dag insluit behalwe 'n Saterdag, Sondag of amptelike openbare vakansiedag.

16.2 VKB sal nie verantwoordelik wees vir enige vertraging in die lewering van die bone of enige gedeelte daarvan indien dit teweeggebring is deur enige Daad van God, aksie deur die Regering, staking, ontploffing, vloed, oproer, oorlog, ongeluk, embargo, wetgewing, burgerlike opstand, onrus of enige ander oorsaak of gebeurlikheid buite VKB se beheer, nie. Die klant sal nie enige eis teen VKB kan instel vir die vertraging, nie-lewering of andersins gebrekkige prestasie ingevolge hierdie klousule nie.

16.3 Hierdie ooreenkoms en voorwaardes bevat die hele ooreenkoms tussen die partye en geen terme, ooreenkoms en voorwaardes, wysigings, afwykings, veranderings of gemeenskaplike kansellasië sal geldig wees, tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is nie.

17 ONDERTEKENING:

NAMENS DIE KLANT

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20__.

Volle naam van die Klant: _____

Identiteits- / Registrasiënommer: _____

VKB Lidnommer: _____

Telefoonnommer: _____

E-posadres: _____

Handtekening deur Klant of sy gevolmagtigde verteenwoordiger: _____

Naam en van, van gevolmagtigde verteenwoordiger: _____

Hoedanigheid van ondertekenaar: _____

Ek die ondertekenaar, verklaar dat ek gemagtig is om hierdie ooreenkoms en voorwaardes as Klant of namens die Klant te onderteken en dat indien ek nie daartoe gemagtig is nie, ek persoonlik aanspreeklik sal wees vir enige bedraë verskuldig aan VKB.

NAMENS VKB

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20__.

Handtekening van gevolmagtigde verteenwoordiger: _____

Naam en van, van gevolmagtigde verteenwoordiger: _____

Hoedanigheid van ondertekenaar: _____